

## Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

DATUM 2018/03/19	DATUM 2018/03/16			+ - WEEK GELEDE 2018/03/12			+ - MAAND GELEDE 2018/02/19			+ - JAAR GELEDE 2017/03/20			
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	
Brent (\$/b)	65.89	0.72 ↑	1.1%	65.17	↑	1.4%	64.95	↑	0.6%	65.47	↑	27.0%	51.87
US\$: ? ZAR	12.03	0.090 ↑	0.8%	11.94	↑	1.7%	11.83	↑	3.0%	11.68	↓	-5.0%	12.66
ACBOT 8vm : 12nm*	R 1 809.14	-5 ↓	-0.3%	R 1 814.40									
ACBOT 8vm : 12nm*	R 2 064.27	-33 ↓	-1.6%	R 2 097.08									
ACBOT 8vm : 12nm*	R 4 636.86	48 ↑	1.0%	R 4 589.01									
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)													
Corn May '18	382.00	-4.00 ↓	-1.0%	386.00	↓	-2%	390.75	↑	2%	375.00	↓	-5%	400.50
Wheat May '18	467.00	-11.00 ↓	-2.3%	478.00	↓	-5%	490.75	↓	-1%	471.50	↓	-7%	500.50
Soybean May '18	1049.00	3.00 ↑	0.3%	1046.00	↑	1%	1041.00	↑	2%	1032.50	↑	5%	1003.75
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))													
SORGHUM Mrt '18	3300.00	150 ↑	4.8%	3150.00	↑	4.8%	3150.00	↑	10.0%	3000.00			NA
WMAZ SPOT	1937.00	7 ↑	0.4%	1930.00	↓	-0.8%	1953.00	↑	9.1%	1776.00	↓	-8.4%	2115
WMAZ Jul '18	2038.00	6 ↑	0.3%	2032.00	↓	-0.9%	2056.00	↑	7.6%	1894.00	↓	-3.0%	2100
YMAZ SPOT	1999.00	-7 ↓	-0.3%	2006.00	↓	-2.4%	2048.00	↑	7.5%	1860.00	↓	-8.4%	2183
YMAZ Jul '18	2095.00	1 ↑	0.0%	2094.00	↓	-1.8%	2133.00	↑	7.2%	1954.00	↓	-2.6%	2150
SOY 50 SPOT	4599.00	64 ↑	1.4%	4535.00	↑	1.3%	4541.00	↑	3.1%	4459.00	↓	-13.6%	5322
SOY May '18	4659.00	41 ↑	0.9%	4618.00	↑	0.6%	4631.00	↑	1.6%	4584.00	↓	-7.0%	5007
SUN SPOT	5086.00	176 ↑	3.6%	4910.00	↑	6.0%	4800.00	↑	9.7%	4635.00	↑	16.0%	4385
SUN May '18	4885.00	70 ↑	1.5%	4815.00	↑	3.6%	4716.00	↑	5.5%	4631.00	↑	9.2%	4475
WHEAT Spot	3736.00	29 ↑	0.8%	3707.00	↑	2.6%	3640.00	↑	5.2%	3550.00	↓	-7.4%	4033
WHEAT May '18	3780.00	40 ↑	1.1%	3740.00	↑	2.2%	3697.00	↑	5.1%	3598.00	↓	-7.5%	4088
OLIESADE (US\$/ton)	2018/03/09	Bron: Oilworld		2018/03/09	2017/11/13	2016/12/12							
Soya-oil, Arg.	745			762	↓	-3%	769	↑	10%	676			
Soya-pell, Arg.	412			436	↑	22%	339	↑	12%	368			
Soybean, Brazil	442			443	↑	8%	410	↓	8%	410			
USA Runner 40/50	1260			1200	↓	-21%	1600	↓	-3%	1300			
Sun-oil, Arg.	745			750	↓	-1%	755	↓	-7%	800			
Sun-oil, Black Sea	757			750	↑	1%	750	↑	1%	750			
Sunseed, Black Sea	390			385	↓	-3%	400	↓	-5%	409			
Rapeseed, EU cif	425			430	↑	0%	425	↑	7%	399			
Palmk oil Mal, EU	1030			1060	↓	-30%	1470	↓	-1%	1037			

### JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

**Sojabone:** Die verwagting vir die wêreld sojaboon produksie is dat dit in 'n tekort kan wees in die huidige seisoen in vergelyking met die ongeveer 17 miljoen ton surplus wat verlede seisoen gerapporteer was. Die tekort in produksie is hoofsaaklik as gevolg van die laer Suid Amerikaanse produksie met die droogste toestande wat in die afgelope 40 jaar in veral Argentinië voorkom. Die Brasiliaanse produksie vir die seisoen lyk wel beter en die verwagting is dat dit verlede seisoen se rekord produksie verby behoort te steek. Die hoër verwagte produksie in Brasilië sal tot 'n mate die laer produksie in Argentinië uitkanselleer, maar hierdie toenames tesame met die toenames in die Amerikaanse, Sjinese en Kanadese produksie is egter nie genoeg om die verliese van die gekombineerde Suid Amerikaanse produksie op te maak nie. Die verwagting vir die sojaboon verwerkings en uitvoere uit die VSA is dat dit behoort toe te neem tussen Maart en Augustus 2018 in vergelyking met dieselfde tyd van die seisoen verlede jaar met die grootste toenames in die uitvoere. Die laer produksies in Suid Amerika sal die grootste invoerders van sojabone meer afhanklik maak van die Amerikaanse sojabone en dit behoort sal die Amerikaanse voorraadvlakke laat daal aan die einde van die bemarkingseisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week gemeng verhandel, maar het hoofsaaklik sterker verhandel vir die week om Vrydag die week teen hoër vlakke af te sluit as waarteen dit Maandag geopen het. Die plaaslike mark volg die laaste tyd die internasionale tendens redelik goed na. Die plaaslike produksie lyk tans ook goed en die nuutste oesskatting word volgende week bekend gemaak.

**Sonneblomsaad:** Die tweede helfte van die 2017/18 bemarkingseisoen vir sonneblomsaad word verwag om 'n moeilike tyd te wees hoofsaaklik as gevolg van beperkte voorraad en laer produksies in lande soos Argentinië. Die verwagting van die wêreld sonneblomsaad verwerkings is dat dit met ongeveer 7% kan daal in vergelyking met dieselfde tyd van die seisoen vanaf verlede jaar. Die sonneblomsaad verwerkings in Rusland het die eerste helfte van die bemarkingsjaar die aanvanklike verwagtinge oortref met die produksie in Rusland wat beter was as die aanvanklike verwagtinge. Die verwagting is egter ook dat die uitvoerbare voorraad van die sonneblomsaad meel en olie en laer behoort te wees in die tweede helfte van die seisoen. Die verwagting vir die verwerking van sonneblomsaad in die Oekraïne is onveranderd gelaat vanaf die vorige skatting en dit is ook aansienlik laer as die hoeveelheid wat verwerk was dieselfde tyd van die seisoen verlede jaar. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week om Vrydag teen hoër vlakke af te sluit as waarteen dit Maandag geopen het. Die plaaslike mark het die afgelope tyd goeie ondersteuning gevind met die hoeveelheid wat verwerk is afgelope seisoen wat hoog was en die nuwe seisoen produksie wat laat is. 'n Groot gedeelte van die aanplantings vir die seisoen het later as normaal plaasgevind en die produksie vir die seisoen word ook verwag om heelwat laer as die vorige twee seisoene se produksie te wees.

**Kanola:** Die wêreld uitvoere van kanola en raapsaad het rekord verskeppings getoon in die eerste 6 maande van die huidige bemarkingsjaar, maar die verwagting is dat die sal afneem in die volgende paar maande hoofsaaklik as gevolg van laer verwagte uitvoere vanaf die Oekraïne en Kanada asook die vertraging in die begin van die Australiese kanola uitvoer program. Die 3 grootste kanola uitvoerlande, wat vir ongeveer 95% van die wêreld se uitvoere verantwoordelik is het skerp gedaal en onder en is minder as die uitvoere wat 3 jaar gelede gesien was gedurende Januarie met die grootste dalings in uitvoere vanuit Kanada en Australië. **Plaaslik:** Die plaaslike produksietoestande vir kanola sal in die komende seisoen dopgehou word met die meeste kanola wat in die Weskaap geproduseer word wat steeds gebuk gaan onder droë toestande. Die oesskatting komitee se intensies om te plant verslag word in die April skatting bekend gemaak.

**Grondbone:** In Argentinië kry die grondbone swaar in die groot gedeeltes van belangrike produserende areas as gevolg van die droë toestande wat daar heers. Die grondbone vaar egter steeds beter as die ander gewasse wat vroeër die seisoen aangeplant was. Die ou seisoen voorraad in Argentinië is hoofsaaklik uitgeput en daar is nie baie voorraad oor nie en daar was in die vorige seisoen se produksie ook baie kwaliteit probleme gewees as gevolg van te nat toestande gedurende strooptyd. Die wêreld produksie van grondbone vir die seisoen word verwag om met ongeveer 1 miljoen ton toe te neem hoofsaaklik as gevolg van hoër produksie in die VSA en Sjina. **Plaaslik:** Die plaaslike grondboon produksie word volgens die eerste oesskatting redelik goed geskat met die opbrengs wat hoër as die langtermyn gemiddelde geskat word. Die tweede produksie skatting vir die seisoen word volgende week bekend gemaak.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za